

# VEREENIGDE VERGADERING VAN DE BEIDE KAMERS OP VRIJDAG DEN 11<sup>DE</sup> OCTOBER 1946 TER ONTVANGST VAN DEN VELDMAARSCHALK J. SMUTS, MINISTER-PRESIDENT VAN DE UNIE VAN ZUID-AFRIKA

De heer **Kranenburg**, die het Voorzitterschap bekleedt, opent, nadat de leden der Staten-Generaal zich in de Ridderzaal aan het Binnenhof hebben vereenigd, des voormiddags te elf uren de vergadering.

De **Voorzitter** benoemt de heeren van Schaik, van de Kieft en de Wilde tot leden der commissie, die den Eersten Minister van de Unie van Zuid-Afrika, Veldmaarschalk J. Smuts, in het gebouw zal ontvangen en uitleiden.

De Eerste Minister van de Unie van Zuid-Afrika, Veldmaarschalk **J. Smuts**, kort daarna in de Ridderzaal aangekomen, wordt door de commissie in de vergadering binnengeleid en neemt plaats op den voor hem bestemden zetel.

De **Voorzitter** houdt de volgende rede:

Mijnheer de Eerste Minister,

Voor den tweeden keer in weinige maanden hebben de Nederlandsche Staten-Generaal het voorrecht in hun vereenigde vergadering een groot Staatsman te ontvangen, één der leidende figuren in de geweldige worsteling tegen de machten, die de wereld met overweldiging dreigden, één der leiders in den gezamenlijken strijd voor de vrije Staatsinstellingen, die in onze landen zijn tot stand gebracht door de krachtsinspanning, het lijden en de opofferingsgezindheid van de geslachten, die ons voorgingen.

Uit naam dan van de Nederlandsche Staten-Generaal roep ik U, Mijnheer de Eerste Minister, het welkom toe in ons midden. Wij stellen Uw komst op hoogen prijs om velerlei redenen. Wij verheugen ons er over, dat wij thans van aangezicht tot aangezicht staan tegenover een Staatsman, in wiens persoonlijkheid en in wiens naam zelfs wij zoo sterk de stamverwantschap met ons eigen volk aanvoelen, één der grooten en sterken van onzen stam, wiens leven en werken wij met bewondering hebben gevolgd. Dat leven en dat werken zijn van een verwonderlijke veelzijdigheid: Staatsman, krijgsman, geleerde, wijsgeer; Uw leven is als een heldendicht en een boeiende roman beide. En toch, er is één groote lijn in, één groot streven, dat wij begrijpen en meevoelen, omdat het ook in onze geschiedenis en tradities is terug te vinden.

In een studie, die één onzer eigen Staatslieden, Thorbecke, ongeveer een eeuw geleden wijdde aan een ander groot Nederlandsch Staatsman, Jan de Witt, staan deze woorden: „Jan de Witt stond op een scherpen post. Zijn leven was een strijd tegen het lot der Republiek; een strijd, waarin zij het spits afbeet voor de zaak van het rechtsgenootschap der volken.”

„Het rechtsgenootschap der volken”: dat is de zaak, waarvoor ook Jan Smuts op een scherpen post heeft gestaan en staat, waarvoor hij zijn leven heeft ingezet.

Gij, Mijnheer de Eerste Minister, hebt dat gedaan in verschillende fasen van Uw bestaan en met verschillende middelen en methoden. Gij hebt het gedaan met het zwaard in de vuist, toen Uw eigen volk met verlies van het deelgenootschap in het rechtsgenootschap der volken werd bedreigd. De vervulling van die taak leest als een epos; in ons land werd het met ingehouden adem gevolgd.

Gij hebt het gedaan met de doeltreffende wapenen van Uw scherpzinnigen geest, toen gij de mogelijkheid zaagt aan dat volk zijn evenwaardige rechtspositie, zijn rechtssubjectiviteit te doen verkrijgen in een grootere gemeenschap van volken, in die merkwaardige formatie zonder voorbeeld in de rechtsgeschiedenis, die is geworden de British Commonwealth of Nations. Dat het is gelukt Campbell—Bannerman te overtuigen van de wenschelijkheid om aan Transvaal en Oranje-Vrijstaat zelfregering toe te kennen, was een praestatie van enorme draagkracht. En gij hebt het ten slotte gedaan met de gave der groote staatkundige visie, toen de zaak van het rechtsgenootschap der volken het aanvaarden van gansch andere politieke methoden dan de tot dusver gevolgde ging eischen.

Jan de Witt had te werken met het middel van het evenwicht van machten en hij is onder het gebrekkige daarvan bezweken. Ondanks zijn gansch ongewone talenten, zijn geniale vinding-

rijkheid en schier onuitputtelijke werkkraft is hij het spel der politieke krachten in „the balance of power” slechts korten tijd meester kunnen blijven. Ten slotte werden zij hem de baas. „De Witt viel op de bres zelve”, schrijft Thorbecke.

Gij, Mijnheer de Eerste Minister, hebt in de kolking van den vorigen oorlog, de staatkundige krachten en uitwerkingen daarvan met wijden en klaren blik overziende, begrepen, dat bij de bestaande methoden een samenleving van Staten, die het leven voor de Staatsburgers levenswaard maakt, onmogelijk was geworden. „Het verbijsterende, overweldigende karakter van deze tragedie”, zoo schrijft gij in een meesterlijk heldere en bondige uiteenzetting „The League of Nations, a practical suggestion”, in 1918, „heeft als het allerbelangrijkste voor het leven beslissende probleem de beschaafde wereld voor de vraag gesteld, of er geen einde aan den oorlog kon worden gemaakt, of de hulpbronnen der beschaving niet in staat zouden zijn om dergelijke rampen te voorkomen”, „overwhelming and perhaps finally engulfing mankind in future”. Gij hadt als leider van de Unie van Zuid-Afrika door Uw daadkracht en wijsheid groot gezag verworven in den raad der leiders van de overwinnende volken. Gij hebt dien invloed aangewend om aan een nieuwe grootsche gedachte voor de schepping eener betere samenleving der Staten vorm te helpen geven.

Die nieuwe grootsche gedachte was: het stelsel van het machtenevenwicht, dat telkens en telkens weer zoo wankelbaar was gebleken, en daarom een ondeugdelijke methode van stabilisatie, te vervangen door organisatie. Terwijl men bij de laatste omvattende ordening van het Statensysteem nog verklaarde uit te gaan van de gedachte, aldus omschreven in den Eersten Parij-schen Vrede van 1814, dat het mogelijk zou zijn „aan de voortdurende schokken van Europa en het ongeluk der volken een einde te maken door een vasten, op een juiste verdeling der macht onder de mogendheden gericht, door zijn regelingen den waarborg voor zijn duurzaamheid inhoudenden vrede”, had men thans elke illusie daaromtrent verloren. Door de vorming van een geordend verband, een omvattende organisatie, die tegen den verstoorder der rechtsorde der volken in werking zou zijn te brengen, zou een wezenlijk rechtsgenootschap der volken worden gewaarborgd.

Nergens ter wereld is deze grootsche conceptie met meer geestdrift begroet dan in ons land. Nergens was de bereidheid om mede te werken tot de verwezenlijking grooter dan hier. En nergens was dan ook de teleurstelling dieper, toen die organisatie niet doeltreffend werd uitgebouwd en zij daarom gebreken vertoonde, die haar functioneering hebben tot staan gebracht.

Het gevoel voor recht en rechtsorde is sterk in dit land. Wij hebben nooit het doel van onzen Staat gezien in de macht. Onze Staat is ontstaan als resultaat van een taaië worsteling voor recht en vrijheid; het doel van den Staat zagen en zien de Nederlanders in de waarborging van de rechts- en vrijheidssfeer der burgers. Hoofdstuk 13 der Unie van Utrecht is de adelsbrief van den Nederlandschen Staat.

Zoo zijn het ook de grove schendingen van het recht in den laatsten oorlog geweest, die onze volksziel zoo diep hebben gekwetst en ons, na de eerste verbijstering, tot het taaië geestelijke en daadwerkelijke verzet hebben opgezweept, dat talloze medeburgers in de gevangenis, in het concentratiekamp en voo het vuurpeleton heeft gebracht. Wij zijn ons zelf gebleven en wij staan na deze vreeselijke ervaring met nog dieper overtuiging bereid mede te werken tot de vorming van een werkelijk rechtsgenootschap der volken. En met diepe bekommerring zien wij welke gebreken de organisatie, die de functie van de rechtsbescherming der naties van den Volkenbond heeft overgenomen, de Vereenigde Naties, aankleven; ernstige, voor haar richtige functioneering en zelfs haar voortbestaan gevaarlijke leemten en gebreken.

Met diepe bekommerring, maar niet apathisch, niet met de handen in den schoot; dat is onze aard niet.

Gij hebt, Mijnheer de Eerste Minister, gisteren Zeeland bezocht, Walcheren, de bakermat van Uw geslacht. Geschonden land; zwaar geschonden; maar als het U gegaan is als mij bij een bezoek, dan zult gij U hebben verwonderd en verheugd over wat reeds is hersteld en aangevat. Plannen tot verbetering en doelmatiger ordening zijn ontworpen en zullen, naar wij hopen

en verwachten, ten spoedigste door de Regeering en Staten-Generaal in wetsvorm worden gebragt. En zoo is het overal, in ons geheele land. De taaie kracht, het nimmer aflatende doorzettingsvermogen, dat zich in vorming van dize „lage landen bi der see” heeft geopenbaard, het steeds opnieuw beginnen na elken tegenslag, door zware natuurrampen of menschenhand veroorzaakt, verloochent zich ook thans niet. Wij grijpen de spa weer aan en gaan weer aan den dijk; met gespannen aandacht lettende op den grond en het water, op de werkelijkheden van elken dag, maar soms het oog richtende naar omhoog, naar den vrijen hemel, die zich boven ons uitspant, die ons kracht geeft en schoonheid en wijzheid.

En wanneer gij naar Uw land en volk terugkeert en in de raadszalen van de groote vrije organisasie, die is „the British Commonwealth of Nations”, of van de wereldomspannende organisasie, de Vereenigde Naties, waar Uw woord zooveel gezag heeft door Uw wijsheid en ervaring, „the philosophical mind”, „the wisest man of the Empire”, breng dan de boodschap mee, dat dit volk van de „lage landen bi der see” bereid is zijn volle aandeel te nemen in de verwezenlijking van het grootsche doel, dat U bezielt: de vestiging van het rechtsgenootschap der volken, omdat ook onze ziel hongert en dorst naar de gerechtigheid.

Waar het mij bekend is, dat gij, Mijnheer de Eerste Minister, bereid zijt in deze vergadering U tot ons te richten, verleen ik U het woord.

De Voorzitter verleent hierna het woord aan den Eersten Minister van de Unie van Zuid-Afrika, Veldmaarschalk **J. Smuts**, die de volgende rede houdt:

Mijnheer de Voorzitter! U sta mij toe U zeer hartelijk te danken voor de woorden van welkom, die U hier namens de Staten-Generaal tot mij hebt gesproken. Ik waardeer dat welkom, ik waardeer de woorden, die U tot mij persoonlik hebt gericht, ik dank U daarvoor.

Ik denk, dat Zuid-Afrika de woorden, die U gesproken hebt, ook in de hoogste mate zal waardeeren.

U doet mij vandaag een bijzonder hooge eer aan, een eer, die maar zelden aan vreemdelingen bewezen wordt en die ik meer waardeer, dan ik in woorden kan uitdrukken. Niet alleen voor mij zelf, maar ook en vooral namens Zuid-Afrika wil ik U mijn hartelijksten dank betuigen. Het is mij waarlik niet mogelijk uit te drukken, hoe diep ik ben getroffen door de ontvangst, welke mij de laatste paar dagen in Nederland is te beurt gevallen.

Van Hare Majesteit de Koningin en de Koninklike familie, van de Staten-Generaal en de Hoogedele Regeering en van het Nederlandsche volk in stad, in dorp en op het platteland, waar ik de laatste paar dagen geweest ben, heb ik een ontvangst genoten, die mij diep geroerd heeft en die ik zeker nooit zal vergeten. Ik ben er zeer dankbaar voor.

Mijnheer de Voorzitter! U heeft gerefereerd aan de gebeurtenissen in Zuid-Afrika. Vandaag, 11 October, is het 47 jaar geleden, dat de Boerenoorlog is uitgebroken en ik te zamen met mijn landgenooten te velde trok. U kunt dus verstaan, met welke diepe gevoelens, gelet op hetgeen sedert gebeurd is, ik vandaag hier tot U spreek.

Wil u my verder vergun om u in Afrikaans toe te spreek, waarin ek hoop u my sal kan volg, en wat terselfdertyd u 'n idee sal gee van die vorm wat die Nederlandse taal van die 17de eeu in die loop van die jare in Suid-Afrika aangeneem het.

Suid-Afrika sal hoog op prys stel die eer wat u my vandag aandoen. Daar is en bly die gevoel vir ou Holland en die Hollandse stam nog sterk en lewendig.

Afrikaners weet dat deur Holland te eer hul hulleself ook eer. Hul is trots op hul Hollandse afkoms — trots op Holland en die ou tradisies —, trots op die prestasie van die ou moederland in Europa en in die wereldgeskiedenis. En nou, met al die smartlike geskiedenis en die taaie volharding van die bevolking onder die bitterste verdrukking van die laatste oorlog, is die simpatie met Holland vandag sterker as vir lange jare toe daar niks anders gebeur het.

Mag ek daarby voeg dat die Afrikaanse nedersetting die ou Hollandse moederland nie onwaardig is nie. Daar ook is geskiedenis gemaak. 'n Blanke Europese beskawing is op die egte en hegte Hollands fondament opgebou — en nie alleen in belang van die blanke bevolking, maar ook van die inboorling bevolking, voor wie die vrede en beskaafde lewenswyse en gestadige vooruitgang deur die blanke beskawing gewaarborg word.

Daar in 'n verre werelddel en in 'n totaal ander natuur-omgewing en klimaat vind u veel wat u intiem aan Holland herinner.

Daar vind u nog die ou Hollandse types van die 17de eeu, soos deur Frans Hals en die ander meesters in die skilderkuns verewig. Die Nederlandse taal, in sy gewysigde vorm as Afrikaans, is nog die huistaal van die meerderheid van die bevolking. En van Kaappunt tot aan die Ewenaar en die Congo is Nederlands in sy Afrikaanse of sy Vlaamse vorm een van die amptelike landstale van die halwe Afrikaanse vasteland. Ek noem dit as bewys hoe diep die spore is wat die Nederlande in Afrika nagelaat het. Daardie spore, in die woorde van Faust, sal in geen eene verdwyn. Nêrens in al sy verspreiding en nedersettinge oor die wereld het die Hollandse stam blywender gearbei as in Suid-Afrika. En waar ookal in ander vastelande in Ooste of Weste die spore mag verdwyn, is en bly Suid-Afrika 'n vaste monument van die klein volkie aan die verre Noordsee wat sy spore so diep gelaat het in die wereldgeskiedenis. Die ou Zeelander wie in 1692 Middelburg in Walcheren verliet om hom aan die verre kaap te vestig het die eer vandag u toe te spreek deur sy nakomeling. Ek noem dit as iets uit u geskiedenis waaraan u met genoeë kan dink in hierdie dae van kommer en verandering elders.

Ek sal u tyd nie verder in beslag neem deur te verwys na die later dienste wat u aan die Hollandse stam in Suid-Afrika bewys het, toe die jong Transvaalse republiek onder Burgers en Kruger u steun en simpatie so noodig had. Dit alles is dinge wat Suid-Afrika in dankbare herinnering hou. Hoe na ons in simpatie en troue diens by mekaar gebly het onder die veranderde omstandighede van die nuwe Suid-Afrika wil ek net kort uit twee latere geleenthede toelig.

Die eerste was op 10 mei 1940. Die Suid-Afrikaanse Parlement was daardie dag in sessie toe die verpletterende tyding oorkwam van die inval in Holland. In hakies moet ek daarop wys dat sedert die begin van die oorlog daar die heftigste meningsverskil tussen Afrikaners bestond oor die oorlogsbeleid van die Regeering. Nooit, selfs in die ergste fase van ons verskille had ek so 'n bittere verdeeldheid gesien. Maar daardie oggend, toe ek 'n mosie van innigste simpatie en van finansieële steun aan Holland voorstelde was daar vir die eerste maal gedurende die stryd volkome eenparigheid.

Oor Holland was daar geen verskil en geloof ek sal daar nooit verskil tussen Afrikaners wees nie. Daar het die ware hart van Suid-Afrika gepraat.

Die tweede voorval was vyf jaar later, toe Holland naby die einde van haar smarte maar ook naby 'n afgrond van ondergang stond. Ek was pas in Londen aangekom op weg na die San Francisco Konferensie. Daar in Londen ontmoette ek by bestelling 'n Afrikaner officier op SHAEF, die groot staf van Generaal Eisenhower. Sy werksaamhede brag hom in nou kontak met die ondergrondse beweging, waarvan hy my aller belangrikste informasie kon meedeel.

Die beweging was in besit van vertroubare inligting omtrent die komende terugtog van die vyand uit Holland en omtrent instruksies aan die Duitse owerheid in Holland gegee om, beide om die terugtog te dek en as wraakmiddel, die betrokke dyke te breek en die land onder water te set. Dit was maar 'n kwessie van dae, en daar was geen oomblik te verlies nie. Die toestand van werklike hongersnood in die stede is my ook in besonderhede beskrywe. As gevolg van hierdie uiterste ernstige informasie kon dadelik die noodige stappe geneem word. Kennis werd aan Seiss Inquaert en die Duitse Militaire owerheid gegee dat die plan die Ge-Allieerdes bekend was, en dat by uitvoering daarvan die hoof persone persoonlik daarvoor verantwoordelik sou gehou word en meedoëgenloos as oorlogsmisdadigers behandel sou word; verder, dat met die ook op die hongersnood onder die besette bevolking voedsel in plaas van bomme deur ons bomwerpers op geskikte aangewese plekke neergelaat sou word.

Alles het soos klokwerk gegaan: die Duitse versuiplingsinstruksie is nie uitgevoer, die voedsel bomme het soos manna van die hemel gedaal, die veluwe is van ondergang gered, en die duiwel plan is verfydel. Ek kon weglie na Amerika in die soete gevoel dat Suid-Afrika se tussenkoms daar toe bygedra het om ter elfde ure die ou moederland van 'n ramp te red wat nog vir haar die grootste van die hele oorlog sou gewees het. Daar, in die donker uur, kon Suid-Afrika die hand van Holland neem.

Nou nog een woord meer in verband met Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse regering het sy beleid aangekondig van 'n nuwe grootskaalse immigrasie program. Ons voel dat die blanke bevolking en die basis van ons Europese beskawing versterk behoort te word. Hoewel die blanke geboorte syfer in Suid-Afrika een van die hoogste in die wereld is, is die aanwas van ons betreklik klein bevolking nie bevredigend nie.

Die opbou van 'n sterke blanke kultuur is gebiedend noodsaaklik vir ons toekoms en vir die Europese beskawing in Afrika.

Dat dit 'n praktiese beleid is word volkome gestaaf deur die eue-oude stigting van 'n suiwer gesonde hoogstaande blanke



gemeenskap in die swarte omgewing van Afrika. En die aangewese tyd is nou gekom om sonder versuim die voorwaartse stap te neem. Suid-Afrika gaan 'n nuwe stadium in haar ontwikkeling teemoet.

Die land is floreerend, maar ly aan onvoldoende geoefende blanke mannekrag. Die ontwikkeling en uitbreiding op allerlei, maar vir al op industrieel gebied, is geweldig — deels te wyte aan die abnormale kragspanning gedurende die oorlog, deels ook aan die ontdekking van nuwe hulpbronne vir al die gebied van die mynweese. Daarby kom nog die nuwe na-oorlogse drang vir verhuising uit die oorlogs geteisterde lande na nuwe en jonge lande met beter vooruitsigte vir ekonomiese verbetering. Die huidige situasie skeep dus 'n gulde geleentheid vir 'n land in die posisie van Suid-Afrika, wie die opening vir nuwe nedersetters het en die nedersetters staan gereed in Europa.

Die regering verlang die gewenste immigrante nie alleen uit die Britse eilande, maar ook van die vasteland, en vir al van Wes Europa, om op hierdie wyse beide groot bestanddele van die Europese bevolking te versterk. Die noodige maatreels word nou uitgewerk en eersdaags sal daar ook in Holland die masjinerie geskep word vir die keuse van die regte soort immigrante. Dit is ons hoop en verlangete dat met samewerking van die owerheid en betrokke liggeme in daarin sal slaag in ons behoefte te voorsien sonder 'n self daarmee te benadeel.

Met goeie wil en samewerking kan so 'n immigrasie beleid beide lande van diens wees — met gevolg van oneindige waarde vir die bestendiging van ons volk en beskawing op die Afrikaanse werldeel. Dit sal nie alleen Suid-Afrika versterk nie, maar ook ons bande met die moederlande in die noorde versterk. Ons toekomstige lot as 'n tak van die Europese beskawing is nou aan die lot van Europa verbonde. Vir ons daar in die verre Suide bly Europa die vaste sentrale vesting en bolwerk van ons toekoms en ons beskawing. Geen wonder dus dat ons die diepste belang stel in die lot van Europa en in haar toekomstige posisie in die werldegemeenskap.

Ek kom dus tot die vraagstuk van Europa — die grootste en ernstigste van alle huidige internasionale vraagstukke. U weet daar veel meer van as ek, maar selfs so vra ek u verlot om enige van die gedagtes die my besorgdheid gee met u korteliks te bespreek. Europa 'n vraagstuk! Niks bewys die grootheid van die ramp wat Europa in beide groote oorloë, en die jare daar tussen, oorval het, duideliker as die onbetwisbaar feit dat Europa nou 'n vraagstuk geword het, en dat hierdie vraagstuk vandag aan die orde van die dag is. Niks bewys duideliker die val van hierdie vasteland, die val van die Weste, op die huidige tydperk van die werldegeskiedenis. Mens staan verbysterd voor die situasie, en dit is alleen die golf van kleiner moeilikhede waarin almal gedompeld is, wat ons verhinder by ons self stil te staan en die gedagte in al sy diepte te besef dat hier staan ons voor een van die groot rampe in die geskiedenis van die hele werld. Hoe is Lucifer gevalle! Nog gister die beheersers van die Werld, en vandag 'n vraagstuk! Het Hitler miskien daarin geslaag om die punthoop van Europa sy monument te maak! Laat ons vir 'n oomblik stil staan by die idee van Europa. Miskien kan dit lig werp op die pad wat voor ons lê.

Europa die baskeramat van ons Westerse volke en hul glorie-ryke beskawing; die bron waaruit die groot en edeler waardes van die mensheid geput is; hul letterkunde en kuns, hul godsdiens en wetenskap; die vryheid en selfbeheer van volke; die ontdekking van die mense siel, en die verheffing en veredeling van die mense persoon; die bevryding en verligting van die mense gees en die skepping van 'n werld van geestelike waardes wat 'n nuwe skepping vorm. Dit is die grootheid en die glorie van Europa dat dit nie alleen die begin is maar ook die rigting van die voorwaartse beweging, waarin die mensheid tot 'n ongekende toppunt gestyg het, en 'n lig aangesteek is wat ook al die ander kontinente voorlig op die pad van hul vooruitgang. Neem Europa weg en wat bly oor vir ons menslike toekoms?

Die idee van Europa behou die vloer en moet die sentrum vorm en die inspirasie vorm van ons pogings om die Europese posisie nie alleen te herstel, maar tot 'n nuwe toppunt van krag en invloed op te bou. Die vraagstuk moet opgelos word, en daardeur die oplossing word van andere van die toekoms vraagstukke.

Enige maande gelede het die heer Churchill al hier voor u sy idee van Europa en sy voorstel vir 'n Raad van Europa as 'n Streekgroep uiteengeset. Later het hy dit opgevolg deur 'n dergelyke voorstel in Switserland te maak en onlangs weer in Engeland. Niemand ter werld spreek vandag met groter gesag oor so 'n onderwerp. Sy genie en prestige, sy verbeeldingskrag en uitdrukkings vermoë, sy uitstaande dienste as die redder van Europa in haar donkerste uur, heg 'n gewig aan sy woorde soos niemand anders besit nie. Hy is ons grootste Europeer, en in die diepte en breedte van sy ondervinding sien hy geen ander of beter uitweg uit die verknorsings van die vasteland.

Ek geloof sy uitkyk word in wye kringe gedeel, selfs onder hoë autoriteite die egter deur hul verantwoordelikegevoel belet word voorbarig of buite hul beurt te spreek.

Onder al die leiers is hy vandag die minste bevooroordeel, sy stem gaan die verste, en na hom word met reg opgesien as die man wat leiding kan gee in sulke vernaamste sake van ons algemeen Europese belange. Hy is 'n man van onbepaalde moed, en te Zurich het hy 'n weg aangedui wat seker die moeilikste van alle wege is na die verwesenlyking van Europese eenheid. Hy het Frankryk uitgenooi om die leiding te onderneem en het as voorwaarde die versoening tussen Frankryk en Duitsland aan die hand gegee. Dit het onmiddellik 'n koor van teensprek in Frankryk gewek, wat hy ook stellig verwag het, want hy besef beter as iemand anders die moeilikhede in die weg van so 'n versoening. So ook, in daardie vreeslike oomblik in juni 1940 toe Frankryk op die punt van oorgawe stond, het hy 'n dergelyke voorstel vir unie tussen Brittanje en Frankryk gemaak.

Daar ook is afwysend geantwoord, hoewel aanname moontlik die val van Frankryk kon voorkom het, en die loop van die oorlog sou verander het. Versoening tussen Frankryk en Duitsland sou die ganse toneel in Europa verander, net soos die unie tussen Frankryk en Brittanje die loop van die geskiedenis sou verander het. Maar die vlug en die vergesig van die genie is anders as die van gewone mense met hul langsame gedagtegang. Ek vrees dat Europa nie sal kan wag tot dat daardie verandering van hart tussen Frankryk en Duitsland plaasvind nie. Die saak is veel te dringend. Miskien zal die verandering van hart eerder op die Europese unie volg as dit voorafgaan.

In private gesprekke met Europese leiers het ek meer as eenmaal 'n ander wenk verneem. Waarom sou Brittanje nie self die leiding onderneem in die grootste van alle ontwikkelinge voor Europa? Sy staan die mees apart, en is meer gedisintereerd as enig ander. Haar standvastigheid in die donker krisis uur, en haar uitstaande dienste vir behoud van die vryheid van Europa, haar ongehoorde opofferings byna tot die uitputtings limiet het haar 'n prestige gegee en vir haar 'n goeie wil en vertroue onder die kleiner Europese demokratiese besorg waarop geen ander land aanspraak kan maak nie. In haar opbou van die Britse gemenebes van vrye onafhanklike state het sy reeds 'n voorbeeld en model van internasionale samewerking geskep wat alles oortref op internasionale gebied. As haar skugterheid haar laat aarsel, waarom sal enige van die kleiner state, wat oortuig is van haar belangloosheid, haar nie nader nie? Die toestand van alle kleine state is vandag prekaier genoeg om snel ondraaglik te word en hul vroër of later te dwing hulself as aanhangers of satelliete aan te sluit by een of ander planetaire groot moondheid. Kan dit nie voorkom word deur tydig aksie wat hul onafhanklikheid sal verseker in 'n Europese stelsel wat hul vryheid en sekuriteit sal waarborg nie?

Daar is 'n derde alternatief.

In geval jaloesie onder die groot moondhede of naby groot moondhede hul verhinder die leiding op hul te neem, kan nie 'n groep van die kleiner Europese state self bymekaar kom en die saak aangang set deur 'n Streek Groep met eie Raad te vorm nie? Die Handves van die Verenigde Volke maak voorsiening en gee byna 'n uitnodiging tot die vorming van sulke Streek Groepe onder die opper toesig van die organisasie. Die Pan-Amerikaanse Unie onder die Chapultepec verdrag is reeds so 'n groep vir onderlinge sekuriteit en ander onderlinge belange.

Die Britse gemenebes het in die praktyk ontwikkel as 'n ander sodanig groep van verreikende betekenis. In Oos Europa is daar gewis 'n Slaafse groep voor ons oë aan ontwikkel. En waarom nie? Waarom sou dit veroordeel of gevrees word as 'n bedreiging vir ander state? Is dit nie verstandiger en veiliger om sulke groepe, wat uitdrukking gee aan diepgaande nasionale of ekonomiese belange, op wettige voet te plaas nie? Dit is my oortuiging dat die Verenigde Volke organisasie sodanige stutte vir sy breër werld organisasie nodig het. Geen liggaam, hoe verteenwoordigend ook, kan doeltreffend 'n wakend oog op die belange van die hele werld hou. Die Volkebond vond sake in Manchuria en Abyssinia te ver afgesonder en duister om in tyd behoorlik te intervenieer. Kleiner Streek Groepe sou meer doeltreffend oor bisondere lokale situasies kan waak en daardeur die hoof organisasie van diens wees in gevalle van verre afstand, waar die betekenis van wat gaande is nie duidelik besef word nie. New York is ver weg van Europa, en nie alleen in die ruimte nie — van 'n Europa vol van gryse probleme en 'n vrugbaar bron van toekomstige twiste. Desentralisasie is 'n geweldige wapen in nasionale sake, en desentralisasie op die basis van Streek kan 'n ewe gepaste wapen word in internasionale sake.

Ek kan my nie 'n sterker en meer dringend geval vir 'n sodanig Streek Groep en Raad voorstel nie as juis Europa. Hier het ons die mees ontwikkelde gevorderde groep van die hele mense ras. Die totale hulpbronne — in mensekrag, natuurlike

hulpbronne, industriële uitrusting en kommunikasie is ongeëwenaard. Vandag is hul verdeel in 'n groot aantal klein onafhanklike nasionale eenhede, wat in vrede mekaar onderling in die wieserig, en in oorlog hul sekuriteit meer as onseker maak. Te same sou hul 'n enorme industriële en ekonomiese eenheid kon vorm, met 'n mark van onoortreflike omvang. Al die bestanddele vir 'n groot industriële en ekonomiese herlewing lê voor die hand. Dit word algemeen erken. En die herlewing sou nie tot die materiële of ekonomiese peil beperk word nie. Daar sou 'n nuwe bloei van die Europese genie kan plaasvind wat al die glorieryke tydperke van die verlede sou oortref.

Wetenskap, letterkunde, kuns en godsdiens sou almal hul bydraes deel tot die nuwe Europese wedergeboorte. Die antieke glorie van Griekeland, die grootheid van Rome sou as nictig vergelyk by die nuwe uitbloeit van die Europese gees. En die kombinasie van die stoflike en geestelike in die nuwe ontwikkeling sou aanleiding gee tot lewens- en kultuur standarde wat alles in die vorige geskiedenis sal oortref. Die grootsheid van Europa lê vóór en nie agter haar.

Nou, op die huidige oomblik, lê sy klaar en gedaan, na al haar inspanning en smarte — in 'n na-oorlogse stupor wat deur spook drome gestoor word. Maar sy is nie dood. Dit is maar in 'n onrustige slaap. Laat die slaper ontwaak en opstaan en uit stap in die nuwe vrese lug wat oor die wereld waai. Laat haar eie seuns en dogters haar wakker maak en haar toe roep: Europa ontwaak!

As niemand wil waag om die leiding van so 'n politieke Streek oplossing te onderneem nie, bly daar nog 'n vierde weg ope. Laat 'n begin gemaak word op die ekonomiese peil. Laat 'n Europese Ekonomiese Raad geskep word om die algemene ekonomiese belange en die ontwikkeling van Europa te koördineer en te reel; of soveel van Europa as wens te deel in die skema.

'n Sodanige Ekonomiese Raad is reeds deur 'n Komitee van die Maatskaplike en Ekonomiese Kommissie van die Vereenigde Volke aanbeveel. 'n Praktiese stap is al geneem in die plan van 'n tolverbond tussen Holland, België en Luxemburg. So 'n verbond kan na betrokke naburige state uitgebrei word. Sodra Duitsland in beheer van haar eie ekonomie is sou haar toetreding deur die betrokke partye in oorweging geneem kan word. Ekonomies, is die belange van die kleiner state om Duitsland so nou met haar herstel en die toekomstige rigting daaraan verbonde, dat so 'n breë arrangement 'n verre stap vorentoe kan wees in die ekonomiese en industriële welvaart van hul almal. Die ekonomiese opbreek van Europa deur die oorlog en die voortduur van die verwarring is een van die grootste struikelblokke teen algemeen Europese herstel. As Europa verhinderd word van haar siekbed op te staan, laat haar tenminste lewe. Die ligte

brand laag, die lug is koud, die pols slaan stadig. Die calories ontbreek. Laat tenminste die ekonomiese wiele in beweging geset word, en volle werkverskaffing, produksie, transport en handel so snel moontlik herstel word. Dit is ook nie my wens afbreuk te doen aan die belangrikheid van die Vredes verdrae waarmee ons nou te Parys besig is — hoewel ek my teleurstelling moet uitdruk oor die groot verskille oor klein punte en die algemene gees van die debatte. Maar tog is ek van mening dat in die huidige toestand van die wereld met al die groot behoeftes, ekonomiese herstel veel belangriker is as klein stukkie grond hier of daar gewin of verlore. Die menslike probleme van voeding, kleeding, behuising en viral van werkverskaffing is veel meer dringend as die sake wat so veel van die tyd van leidende staatsmanne in beslag geneem het. Op die oomblik verdien die ekonomie voorkeur voor die politiek.

Ek herhaal dus: as ons nie 'n politieke Raad van Europa kan kry nie, laat ons tenminste 'n Ekonomiese Raad sonder verlies van tyd kry. So 'n Raad mag tot iets grooters lei, selfs na die horisonte waarop die politieke oë gevestig is.

Ek voel ook dat die werk deur Europa self moet gedoen word. Kyk nie te veel na ander kontinente vir u redding uit nie. Europa kan haar self red en sodoende haar eie selfrespek red. Sy sal dit ook doen.

En so eindig ek met die slotwoord, die sleutelwoord van die heer Churchill se beroep:

EUROPA, STA OP!

De **Voorzitter**: Namens de Vereenigde Vergadering van de beide Kamers der Staten-Generaal zeg ik U, Mijnheer de Eerste Minister, hartelijk dank voor de hoogst belangrijke rede, die gij voor ons hebt willen houden. Uw bezoek zal voor ons een blijvende herinnering zijn, een historische gebeurtenis in ons parlementaire leven.

De Eerste Minister van de Unie van Zuid-Afrika, Veldmaarschalk J. Smuts, uitgeleide gedaan door de commissie, verlaat de vergaderzaal.

De commissie keert daarna in de zaal terug.

De heer **van Schaik**: Mijnheer de Voorzitter! De commissie van in- en uitgeleide heeft zich van haar taak gekweten.

De **Voorzitter**: Der commissie zeg ik dank voor den door haar verrichten arbeid.

De Voorzitter sluit de Vereenigde Vergadering.